

# **ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY**

## **DEUR**

### **DR PHILIP THEUNISSEN**

---

#### **DIE BETROKKENES BY 'N TESTAMENT**

Die opstel van 'n testament word normaalweg as 'n afskeptakie beskou. Dit geld nie net vir die testateur nie maar ook vir die persoon of instansie wat die testament op skrif moet stel. Testamente, veral in die geval van 'n boer, het gewoonlik verreikende implikasies vir die erfgename. Daarom vorm 'n testament 'n belangrike deel van erfopvolging by 'n boerdery en kan dit nie sommer vinnig voor 'n oorsese vakansie opgestel word ingeval die vliegtuig dalk val nie. Die opstel van 'n testament moet dus met behoorlike konsultasie en weldeurdagte besluite aangepak word.

#### **Wie stel 'n testament op?**

In wese stel die testateur (die erflater) self sy testament op. Dit word gewoonlik met behulp van 'n buitestaander op skrif gestel. In hierdie konteks word daar dus na die opsteller van die testament verwys as dié persoon wat die testateur help om die testament op skrif te stel.

Daar is geen wetsvoorskrifte waaraan die opsteller moet voldoen nie. Gevolglik is daar baie persone en instansies soos prokureurs, banke, rekenmeesters, eksekuteurskamers, makelaars van versekeringsinstansies, handelsbanke en selfs lyksbesorgers wat sulke dienste lewer. Die testateur kan self ook sy testament opstel mits dit aan sekere wetsvereistes voldoen.

Aangesien dit 'n redelike spesialisveld is, is dit raadsaam om 'n kundige te kry wat die testament opstel. Die rede hiervoor is weer eens soos in die vorige artikel genoem, dat die testateur nie by is wanneer die testament uitgevoer moet word nie. Indien daar dan onduidelikhede of onuitvoerbaarhede gaan wees kan dit veroorsaak dat die testateur se laaste wil en wense nie uitgevoer gaan word soos wat hy dit beplan het nie en mag die staat self by wyse van 'n regsproses ingryp om die testament uit te voer. Die opsteller van 'n testament behoort dus oor goeie kennis van die betrokke regsaspekte, boedelbereddering, belasting en rekeningkunde te beskik.

Hierdie kundigheid setel nie altyd in een persoon nie. Daarom kan dit in die geval van 'n boerdery nodig wees om 'n span kundiges, naamlik die prokureur en die rekenmeester, bymekaar te kry om die testament op te stel en behoort hulle die volgende na te streef:

- Daar moet eers 'n behoorlike ontleding van die boedel en die erfopvolgingsplan gemaak word voordat die testament opgestel word;
- Huidige wetgewing, belastingbepalings, hofuitsprake en ander faktore wat die uitvoering van die testament kan beïnvloed moet deeglik oorweeg en in berekening gebring word by die opstelling van die testament;
- Die testament moet ten minste jaarliks hersien word maar ook wanneer omstandighede verander soos tydens geboortes van nuwe erfgename, afsterwes van erfgename, egskeidings en ook wanneer veranderinge in die boerdery-besigheid plaasvind.

## Wie voer die testament uit?

Die testateur stel 'n eksekuteur in sy testament aan wat die testament moet uitvoer of dan die boedel moet beredder. Die eksekuteur se taak is om, by afsterwe van die testateur, tydelik beheer oor die boedel van die afgestorwene te neem nadat hy deur die Meester van die Hoogeregshof aangestel is om dit te mag doen. Sy pligte behels dan dat hy enige skulde wat mag bestaan moet betaal, om spesiale legate of vererwings uit te betaal en om die restant van die boedel onder die erfgename te verdeel. Tydens die beredderingsproses ontstaan daar dikwels probleme wat dan ook deur die eksekuteur opgelos moet word. Hierdie probleme kan verband hou met regsimplikasies, belasting, besigheidsbesluite of selfs ook menslike probleme. Dit is die eksekuteur se plig, omdat hy in beheer van die boedel is, om hierdie probleme op te los.

Die bereddering van 'n boedel behels nie net die te gelde maak van die bates, die afbetaling van skuld en die uitbetaling van erfposies nie. Daar is veel meer in die proses van bereddering as bloot net die formele vereistes en daarom is die aanstelling van 'n eksekuteur baie belangrik. In meeste gevalle word die opsteller van die testament ook as die eksekuteur aangestel. Dit is egter nie 'n vereiste nie en die testateur kan steeds 'n eksekuteur van sy eie aanwys, hoewel binne die testament wat die opsteller opstel. Handelsbanke en versekeringsmaatskappye dring egter daarop aan dat hulle ook die eksekuteur van die boedel moet wees, terwyl dit nie noodwendig die geval is wanneer 'n prokureur of rekenmeester die testament opstel nie. By die benoeming van 'n eksekuteur behoort die volgende oorwegings dus in aggeneem te word:

- Daar is gewoonlik baie emosie by 'n afsterwe betrokke. Die eksekuteur moet iemand wees wat vertroosting ook kan bied en die tegniese aspekte van boedelbereddering op 'n verstaanbare en simpatieke manier aan die nasate kan oordra;
- Die testateur moet die eksekuteur goed ken en hom kan vertrou. Onthou hy gaan vir die duur van die bereddering in volle beheer van die boedel wees. In die geval van testamentêre trusts is die eksekuteur na die bereddering ook gewoonlik nog as trustee by die boedel betrokke en daarom móét dit iemand wees wat vertrou kan word en met wie die erfgename 'n persoonlike vertrouensposisie mee kan handhaaf;
- As 'n testateur nie gelukkig voel oor die bekwaamheid van 'n potensiële eksekuteur nie moet hy hom nie aanstel nie. Daar is te veel op die spel om 'n eksekuteur uit lojaliteit aan te stel;
- Omdat die eksekuteur vir 'n tydskuur in beheer van die boedel gaan wees moet hy waarskynlik ook tydens hierdie periode besigheidsbesluite rondom die boerdery neem. Daarom moet die eksekuteur, buiten soms vader van die agtergeblewe familieledede, ook regsadviseur, rekenmeester en algemene raadgewer in een kan wees;
- Die eksekuteur moet bereid wees om sy eksekuteursfooie, of dan die persentasie, in die testament bekend te maak. Die maksimum tarief word volgens wet vasgestel en 'n eksekuteur wat nie sy fooie in die testament vasstel nie, is geregtig om die maksimum fooie te vorder. 'n Eksekuteur met die regte *bona fides* sal dus bereid wees om sy fooie met die testateur te bespreek en in die testament te openbaar;
- Dit is die testateur se vrye reg om 'n eksekuteur aan te wys en hy moet nie deur die opsteller gedwing word om 'n spesifieke persoon of instansie as eksekuteur aan te wys nie. Dit is ook sy vrye reg om meer as een eksekuteur aan te stel. Die testateur het ook die reg om 'n lid van die gesin as eksekuteur aan te stel;
- Die eksekuteur behoort die reg van assumpsie te hê, met ander woorde hy moet kan besluit of hy die eksekuteurskap aanvaar of nie. In die geval van 'n familielid wat dan die reg van assumpsie het, kan hulle kwotasies by professionele eksekuteurs bekom en op so 'n wyse uiteindelik een in hulle plek aanwys of as assistent gebruik.

## **Koste van 'n testament**

Die maksimum eksekuteursfooie beloop tans 3.5% van die bruto waarde van 'n boedel. Let wel dat dit die bruto waarde is terwyl boedelbelasting op die netto waarde bereken word. Die bruto waarde sluit dus alle bates en ook polisuitbetalings in vóórdat enige skulde vereffen is. 'n Boedel met 'n bruto waarde van R5 miljoen, wat nie te vergesog vir selfs 'n klein boerdery is nie, se eksekuteursfooie kan dus tot R175,000.00 beloop. Die gevolg is dat daar 'n redelike geskarrel onder finansiële instellings is om boedels in die hande te kry. Daarom bied handelsbanke en versekeringsinstansies gewoonlik aan om 'n testament sonder enige koste vir hulle kliënte op te stel maar dring dan gewoonlik daarop aan om die eksekuteur te wees, sonder om die eksekuteursfooie in die testament vas te stel.

Daar teenoor vra rekenmeesters en prokureurs gewoonlik 'n konsultasiefooie vir die beplanning en opstelling van 'n testament maar bied die testateur die opsie om 'n eksekuteur van sy keuse aan te wys. Verder sal 'n rekenmeester of prokureur ook gewoonlik bereid wees om sy fooie as 'n persentasie van die bruto boedel in die testament vas te stel. Gewoonlik is hierdie persentasie laer as wat die voorgeskrewe wetlike fooie is.

## **Slotsom**

Dit is, veral vir 'n boer, nie wenslik om 'n testament by die plaaslike bank of versekeringsmakelaar te laat opstel nie. Die boerdery se rekenmeester of prokureur en selfs 'n familielid, wat die reg het om 'n professionele eksekuteur aan te wys, is by verre 'n beter opsie vir die keuse van eksekuteur. Die rede vir bogenoemde is eenvoudig: handelsbanke en versekeringsinstansies is net om een rede eksekuteurs en dit is om maksimum inkomste daaruit te verdien terwyl die rekenmeester of prokureur, wat tydens die lewe van die testateur reeds professioneel by hom betrokke was, meer daarop ingestel is om die boerdery se besigheidsbelange te bevorder. Dit is dus meer wenslik om die testament by die plaaslike prokureur te laat opstel en dan self daarin te spesifiseer wie die eksekuteur moet wees, selfs al is daar 'n koste aan die opstelling van die testament verbonde. Op die lang duur gaan dit waarskynlik meer voordele inhou as om die testament by die bank of versekeringsmakelaar te laat opstel.

*Hierdie reeks artikels oor erfopvolging gaan binnekort in boekvorm gepubliseer word. Lesers wat in so 'n boek belangstel kan hulle name en kontakbesonderhede nou reeds aan Dr Philip Theunissen verskaf per e-pos by [philip@computus.info](mailto:philip@computus.info) en per faks of telefoon by (058) 3039640.*

---

**BETHLEHEM**  
**Oktober 2004**